12 September 2017

Paarl Vaardigheidskool se hart klop in Afrikaans

“Hier laat hulle nie op hulle wag nie ... hier maak hulle dinge gebeur!” So het René Arendse, projekkoördineerder van Afrikaans.com in die Wes-Kaap, tydens die opwindende muurskildery-onthulling op Vrydag, 8 September by Paarl Vaardigheidskool gesê.

Die muuronthullingsgeleentheid was vol opwinding, inspirasie en spoggerige talente en dit was baie duidelik dat almal by die skool trots is om Afrikaans te wees!

Afrikaans.com se muurskildery by geselekteerde skole in die Wes-Kaap herinner leerders, onderwysers en die gemeenskap om trots te wees op hulle skool, gemeenskap, hul unieke identiteit en Afrikaans as ons moedertaal. Die muurskildery se positiewe impak reik ook verder as om net Afrikaans te praat … dit maak ons trots op die uniekheid van ons kultuur.

Die Jaloersbokkies het die leerders vermaak met hul eg Kaapse liedjies en vertel die verhaal van Afrikaans in al sy kleure. Hulle is so eg Kaaps soos breyani en koesisters, soos ghoema en die winterreën. Die leerders van Paarl Vaardigheidskool het ook glad nie teruggestaan met hulle talente nie. Hulle sangers , rieldansers en Afrikaanse voordrag was van die hoogste gehalte.

Gasspreker, Haidee Muller van RSG, het die leerders geïnspireer om te droom en nie terug te staan vir uitdagings nie. Elke suksesstorie begin met ‘n droom … maar dit kos harde werk, het sy beklemtoon.

Mnr. Matiwani en sy personeel het Afrikaans.com met ope arms verwelkom en ons is trots om Paarl Vaardigheidskool deel te maak van ons unieke projek in die Wes-Kaap!

Wat behels die muurkunsprojek by skole?

Die Afrikaans.com-span verf een muur by elk van die deelnemende laer- en hoërskole en plaas foto’s en videomateriaal op sosiale media.

HOËRSKOLE
Hoërskoolleerders word aangemoedig om met die **hutsmerk #droomgroot17**, op sosiale media deel te neem aan die kompetisie. Die kompetisie het reeds afgeskop en **sluit op 31 Oktober**. Die wenner staan die kans om R10 000 te wen wat namens hom/haar in sy/haar droom belê sal word. (Gaan kyk by www.afrikaans.com en klik op die #DROOMGROOT-blokkie op die Tuisblad vir meer inligting oor die kompetisie.)

Gaan kyk gerus ook hier na foto’s en inligting oor die skole waar daar reeds mure geverf is: http://www.afrikaans.com/news-headlines/waarsitlekka/muurkuns

Meer oor die #droomgroot17-kompetisie vir hoërskole

Alle graad 8- tot 12-leerders regoor Suid-Afrika, kan met die **hutsmerk #droomgroot17** op **sosiale media** (Facebook/Instagram/Twitter) deelneem deur ’n **video** te maak waarin hulle

in Afrikaans op ’n kreatiewe manier spog met hulle talente. Die video moet dan opgelaai word en **Afrikaans.com moet in die pos ge-‘tag’** word. Leerders kan enige iets doen wat hul talent ten toon stel – van sing, dans, ’n instrument speel, tot stories vertel en rymklets.

Hoe die wenner bepaal sal word

’n Paneel kies drie uitstaande inskrywings en die finaliste word dan gevra om vir ons ’n motivering te skryf hoe die R10 000 gebruik kan word om ’n stappie nader aan hul droom te kom. Die algehele wenner kry die kans om te kies wat die prys moet wees – ’n kitaar, ’n rekenaar, ’n kort musiek- of skryfkursus, ens. waarna Afrikaans.com die geld beskikbaar stel en namens die wenner op sy/haar droom spandeer.

einde

Vriendelike groete

Annelie van Jaarsveldt
Redaksie

afrikaans.com

avjhome@mweb.co.za | 082 785 9158

Vir meer oor die muurprojek of vir ’n onderhoud, stuur 'n e-pos aan ons projekkoördineerder, René Arendse: rene.smartbusiness@gmail.com

Vir meer inligting of navrae oor Afrikaans.com, stuur ‘n e-pos aan:

Ingrid Erlank

Redakteur: Afrikaans.com

E-pos: ingrid@afrikaans.com